Horison Sorgsentrum

26 Maart 2017

Die sentrum is in 1980 gestig en verskaf dagsorg en terapeutiese dienste en is ‘n stimulasie- en versorgingsentrum vir erg en uitermatig gestremde kinders. Die kinders (van alle ouderdomme) het breinskade en party is ook liggaamlik gestremd en of blind.

Horison hou jaarliks gedurende Maart ‘n Dankseggingsdiens. Hierdeur gee hul dank aan God vir die oorvloed waarmee Hy hul daagliks seën. Rietvalleiers was weereens uitgenooi om die pragtige geleentheid mee te maak. ‘n Paar lede het dit bygewoon en kon deel in die pragtige boodskap, sang, lag, kuier en lekker eet aan die hoenderpasteie, slaai en soetgoed (deur die Rietvalleiers voorsien).

Ongelukkig kon die wit duiwe nie die jaar vlieg nie weens die swak weer.

Rietvalleiers het sommer van die geleentheid gebruik gemaak en die serpe, wat deel vorm van ons gemeenskapsbetrokkenheid, uit te deel. Elke kind en onderwyser ontvang ‘n serp, ‘n kort dekkingsbrief wat die tema verder opgesom het, tesame met ‘n dagstukkie, 2 paaseiers en ‘n pakkie kaaskrulle om aan te smul tydens die Paastyd.

Hieronder is ‘n fotoblad wat opsig self hul eie storie vertel, geniet dit saam met my:

Daar is oudergewys weer om die kruis gestap om vorige kinders wat hier versorg was, te herdenk. Die name is op klippies geskryf wat aan die voet van die kruis gepak word

Hand gemaakte voetstappe is by die kruis geplant wat deel vorm van die dag se boodskap

Hierdie is ‘n jaarlikse gebeurtenis wat nie een van ons as Rietvalleiers behoort mis te loop nie en ek vertrou dat ons jarelange verbintenis en betrokkenheid met hierdie gawe mense nog lank so sal voortduur, nie net deur ons finansiële bydra nie, maar ook in ander vorme.

Baie dankie vir almal se bydrae asook besoek.

Tjaart Klaasen

Fotos – Marietjie Klaasen